# Jou jaareinde-plan

Kleinhandelaars het planne in plek om jou van welverdiende kontant te laat afstand doen. Het jy ‘n plan om te verseker dat dit nie gebeur nie?

Kersversierings pryk reeds oral en selfs al vier jy nie Kersfees nie, sal die gees van die seisoen ongetwyfeld aansteeklik wees. Dit is ‘n wonderlike tyd van die jaar om fees te vier, te rus van jou werk en om tyd saam met die familie deur te bring. Dit is ook die tyd van die jaar wanneer ons geneig is om sowel finansieel as fisiek oordaad te pleeg.

Die meeste mense stoei nog met ‘n skuldlas ondanks dalende rentekoerse en ‘n dramatiese inkorting van kredietverlenging. As ‘n nasie is ons skuldvlakke op die oomblik die hoogste in die geskiedenis. Die meeste gesinne is egter vasberade om hul finansies weer in orde te kry. Moenie toelaat dat hierdie feesseisoen sulke planne ontspoor nie!

## Die feesseisoen-oorlewingsplan

Hier is ‘n verdedigingstrategie vir die bestuur van jou besteding in die feesseisoen.

1. **Die langtermyn doelwit**: Herinner jouself aan jou finansiële plan vir die langer termyn: wat jy elke maand moet spaar en watter skuld-terugbetalings jy moet doen ten einde jou finansiële doelwitte te bereik.
2. **Die daaglikse begroting**: Kyk nou na jou begroting – watter bykomende geld is jy bereid om vir die feesseisoen opsy te sit? Watter persentasie van jou 13de tjek sal vir skuldvereffening aangewend word en hoeveel sal vir feesvieringe beskikbaar wees? Jou plan vir die langer termyn sal jou help om hierdie grense te bepaal.
3. **Die gesinsvergadering**: Gaan sit saam met jou gesin en bespreek jul planne vir Desember. Plaas ‘n groot witbord in jou kombuis en skryf daarop die bedrag wat beskikbaar is om te bestee. Bespreek met mekaar hoe julle dit wil bestee – byvoorbeeld op geskenke, vermaak, vakansies, ens. So sal dit ‘n werklikheid gemaak word en jou help om by jou daaglikse begroting te bly. Skryf dan elke dag neer wat jy bestee en wat oorbly.
4. **Die sosiale kontrak**: Sluit ‘n sosiale ooreenkoms met die wyer familiekring oor geskenke en vermaak. Almal is in dieselfde bootjie, dus kan jy maar eerlik wees. Eerder as om vir almal geskenke te koop, kan julle eerder geld bymekaarsit en een geskenk per familielid koop. Onthou dat een klein geskenk met spesiale betekenis baie meer waarde het as hoeveel geld jy daarop bestee het.
5. **Die inkopie-strategie**: Wanneer jy die winkels binnevaar, neem ‘n lys saam en net genoeg kontant om dit wat daarop is, te koop. Sluit winkelkaarte weg. Eet ook eers ‘n goeie maaltyd by die huis sodat jy nie in die versoeking kom om geld te bestee op wegneem-etes of ekstra kos by die supermark nie. Navorsing bewys dat ons altyd beter finansiële besluite neem wanneer ons nie honger is nie!

## Hoe om die bemarkingsfoefies van handelaars te vermy

Wanneer jy gaan inkopies doen, wees bedag op die pogings van kleinhandelaars om jou te oorreed om te oorbestee:

**Uitverkopings**: Wees op jou hoede vir promosies of uitverkopings wat jou in 'n winkel inlok wat jy nooit eers van plan was om te besoek nie. Gewoonlik is daar buitendien nie van die goedkoper items in jou grootte nie, maar dit lei daartoe dat jy iets onnodig koop net omdat dit 'n 'winskopie' is.

**Koop nou, betaal later**: Waak teen groot promosies vir winkelkaarte. Om nuwe skuld aan te gaan, is nie deel van jou langtermyn finansiële plan nie! Jy wil nie gedwing word om steeds aan 'n geskenk te betaal lank nadat jy al vergeet het dat jy dit gegee het nie.

**Lekkergoedrakke by die betaalpunt**: Nie net is dit 'n euwel vir ouers nie, maar ook waar talle diëte sneuwel. Eet voordat jy gaan inkopies doen en, indien moontlik, laat die kinders tuisbly. As hulle wel saam met jou is, probeer voorgee dat jy die lekkergoed-situasie onder beheer het. Laat jou kinders verstaan dat hulle 'n beloning kan kry as hulle hul goed gedra. Dit sal ten minste die indruk skep dat jy die keuse maak!

*Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*